

REÛLS: VOEGWOORDE

Daar is 3 groepe voegwoorde.

GROEP 1:

en, maar, want, of (or), dog, sowel...as, óf ... óf

- Die woordorde van die sinne verander nie, maar bly presies dieselfde.

Ek hou van Facebook. Ek spandeer ure daarop. **(en)**

Ek hou van Facebook **en ek spandeer ure daarop.**

Ek hou van Facebook. Ek kan na vriende se foto's kyk. **(want)**

Ek hou van Facebook **want ek kan na vriende se foto's kyk.**

Ek gesels met my vriende. Ek gesels met my familie. **(sowel as)**

Ek gesels met **sowel my vriende as my familie.**

GROEP 2:

tog, dan, dus, daarna, daarom, derhalwe, al, toe (then), nietemin, nogtans, anders, gevolglik

- Die woordorde verander ná die voegwoord. Die werkwoord kom direk na die voegwoord en dan volg die res van die sin.

Facebook is verslawend. Ek hou baie daarvan. **(tog)**

Facebook is verslawend **tog hou ek** baie daarvan.

Jy kan jou werk verloor. Jy moet versigtig wees wat jy op Facebook sê. **(daarom)**

Jy kan jou werk verloor **daarom moet jy** versigtig wees wat jy op Facebook sê.

'n Vriend verjaar. Ek stuur 'n verjaarsdagboodskap. **(dan)**

'n Vriend verjaar **dan stuur ek** 'n verjaarsdagboodskap.

GROEP 3:

dat, omdat, sodat, voordat, nadat, totdat, indien, alhoewel, sodra, as, of (if), aangesien, toe (when), terwyl, sedert, tensy + al die vraagwoorde bv. wie, wat, wanneer, waarom, ens.

- Die woordorde verander na die voegwoord. Die eerste werkwoord skuif na die einde van die sin.

Jy het jou werk verloor. Jy het iets sleg van jou baas op Facebook gesê. **(omdat)**

Jy het jou werk verloor **omdat** jy iets sleg van jou baas op Facebook gesê **het.**

Omdat jy iets sleg van jou baas gesê **het, het** jy jou werk verloor.

Jy is op Facebook. Jy kan jou vriende se foto's sien. **(sodat)**

Jy is op Facebook **sodat** jy jou vriende se foto's **kan** sien.

Jy het foto's op Facebook. Baie mense kyk daarna. **(toe)**

Toe jy jou foto's op Facebook **gehad het, het** baie mense daarna gekyk.